

EKSAMEN		NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT	
GRAAD		12	
DATUM		MEI/JUNIE 2026	
VAK		AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL	
VRAESTEL		2	
PUNTETOTAAL		70	
TYDSDUUR (UUR)		2½	
AANTAL BLADSYE		37	



SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE
 SUID-AFRIKAANSE KOMPREENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT



INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies/opdragte noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.
2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe en merk die vraagnommers van die tekste wat jy behandel het. Bestudeer daarna die vrae oor hierdie tekste en besluit dan telkens op die vraag wat jy verkies om te beantwoord. Neem die voorskrifte by elke vraag in ag.
3. Die vraestel bestaan uit VIER afdelings:
AFDELING A: Roman (35)
AFDELING B: Drama (35)
AFDELING C: Kortverhale [Doen AL **TWEE** kortverhale indien jy hierdie afdeling beantwoord het.] (35)
AFDELING D: Gedigte [Doen AL **TWEE** gedigte indien jy hierdie afdeling behandel het.] (35)
4. Beantwoord TWEE vrae in totaal: EEN vraag uit enige van die afdelings. Doen TWEE afdelings. Gebruik die kontrolelys om jou met jou keuses te help.
5. Voer die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig uit.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Beantwoord ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
8. Voorgestelde tydsindeling: Spandeer ongeveer 75 minute aan elke afdeling wat jy beantwoord.
9. Laat 'n reël oop ná elke antwoord.
10. Skryf netjies en leesbaar, slegs in BLOU ink.
11. **BELANGRIK! Dui asseblief die vrae wat gekies is op die agterblad van die antwoordstel aan deur die vrae te omring.**



INHOUDSOPGAWE

Kies **TWEE** afdelings.

AFDELING A: ROMAN

Beantwoord slegs **EEN** vraag.

VRAAGNOMMER	PUNTE	BLADSYNOMMER
1. <i>Lien se lankstaanskoene</i>	35	5
2. <i>Die vlerke van naaldekokers</i>	35	9
3. <i>Skeur</i>	35	14

AFDELING B: DRAMA

Beantwoord slegs **EEN** vraag.

4. <i>Fiela se kind</i>	35	18
5. <i>Pad na jou hart</i>	35	23

AFDELING C: KORTVERHALE

Beantwoord **TWEE** vrae: 6.1 (18 punte) **EN** 6.2 (17 punte)

6.1 <i>Hulpelose Samaritaan</i>	18	28
EN		
6.2 <i>Kringloop</i>	17	30

AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord **TWEE** vrae: 7.1 (18 punte) **EN** 7.2 (17 punte)

7.1 <i>Rondom my</i>	18	33
EN		
7.2 <i>Haar uitvaart</i>	17	35



KONTROLELYS

Gebruik die onderstaande kontrolelys om te kontroleer of jy al die nodige vrae beantwoord het.

AFDELING	VRAAGNOMMER	GETAL VRAE BEANTWOORD	MERK ✓
A: Roman	1–3	1	
OF			
B: Drama	4–5	1	
OF			
C: Kortverhale	6.1 EN 6.2	1 (2 kortverhale) (18 + 17)	
OF			
D: Gedigte	7.1 EN 7.2	1 (2 gedigte) (18 + 17)	

LET WEL: Maak seker dat jy slegs **TWEE** afdelings se vrae beantwoord het.



AFDELING A: ROMAN

VRAAG 1: *Lien se lankstaanskoene* – Derick van der Walt

Lees die uittreksels hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS A

Op die agterkant van die hempies staan in wit: *Geborg deur Millennium Hair Creations*. Lien is dankbaar om te sien dat die verspote krulletjie-logo langs die pad in die slag gebly het, hoewel die krullerige “M” definitief ’n Donovan-geurtjie het.

Fonteine se span doen veldwerk. Leon en Renier kolf vir Jakaranda.

Sy sien Braam en ’n paar van sy spanmaats op die regterkantste pawiljoen sit. Hulle moedig hulle kolwers aan wat volgens die telbord al ’n hele 68 lopies aangeteken het, hoewel Jakaranda reeds twee paaltjies verloor het.

Sy verwonder haar aan Braam wat so tuis is tussen sy maats. Hy maak kort-kort ’n opmerking en dan skeur die pelle hulle.

“Lekker Braam!” skree iemand.

Hoe kan hy so leef asof daar niks in sy lewe verkeerd is nie, wonder Lien jaloers.

Sy is verbaas om te sien dat Dirkie en Donovan ook vir die wedstryd opgedaag het. Braam het gesê hy het hulle genooi om vir Grobbies te ontmoet, maar sy het nie gedink hulle sal kom nie. Hulle moet Creations vroeg gesluit het, want dit is nou eers halfdrie. Of ’n babalose Sue-Ellen hou dinge aan die gang daar.

Dirkie en Donovan sit by ’n jongerige vrou wat aandagtig luister terwyl Donovan iets vertel. Hy beduie vir ’n vale terwyl hy met sy hande rondom sy kop demonstreer.

- 1.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die KORREKTE woord langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.4) neer. Kies die antwoord uit die blokkie hieronder.

eerste	tweede	vriend	broer	salon	donasie
	borg		haarsalon	winkel	

Lien het ’n (1.1.1) ... vir die krieketspan se hempies gereël. Braam is Lien se (1.1.2) ... en sy voel verantwoordelik vir hom. Sy het vir Dirkie en Donovan leer ken toe sy by hulle (1.1.3) ... gewerk het. Dit was Lien se (1.1.4) ... werk.

(4)



- 1.2 "... hoewel die krullerige "M" definitief 'n Donovan-geurtjie het." (Reël 3)
- 1.2.1 Is die aanhaling se betekenis konnotatief of denotatief? (1)
- 1.2.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.2.1. (1)
- 1.3 Lien verkyk haar aan Braam se gemak tussen sy vriende. Hoe verskil Lien en Braam se sosiale interaksies? (2)
- 1.4 "Sy is verbaas om te sien dat Dirkie en Donovan ook vir die wedstryd opgedaag het." (Reël 13 en 14)
- 1.4.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
Lien se gedagtes is (ironies/sarkasties). (1)
- 1.4.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.4.1. (1)
- 1.5 Kies die KORREKTE antwoord om die vraag te beantwoord. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.5) neer.
- Braam hanteer hulle huidige situasie baie anders as Lien. Hy kyk graag na ou video's en daaruit kan ons aflei dat ...
- A hy hulle gesin mis.
B dit vir hom 'n tydverdryf is.
C hy weer sy ma gelukkig wil sien.
D hy kwaad is vir sy pa en wil kyk waar foute gemaak is. (1)
- 1.6 Waarom is Braam se pa nie by die krieketwedstryd nie? (1)
- 1.7 Beide Lien se ouers is afwesig in haar lewe.
Motiveer waarom die stelling WAAR is met twee feite uit die roman. (2)
- 1.8 Kies die persoon in **KOLOM B** wat pas by die beskrywing in **KOLOM A**. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.8.1 tot 1.8.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.8.1	Lien se skoolbesoek word gemonitor.	A	Roberta
1.8.2	Onvoorwaardelike vriendskap toe daar niemand anders was nie.	B	Miemie
1.8.3	Goeie vriendin uit 'n vorige lewe.	C	Christiaan
1.8.4	Rykdom kan nie ouerliefde koop nie.	D	Su-Marie
		E	Wouter

(4x1) (4)

EN



TEKS B

“Spar se *baked beans* en *pilchards* is op *special*, halfprys!” roep Magriet van die oorkantste sypaadjie waar hulle onder die akasiaboom sit. Sy swaai ’n pamflet in die lug.

Lien ken nie eintlik vir Magriet nie. Sy weet dié vrou met die armoedige rokke en patetiese *look* staan aan die agterkant van die sentrum en hulle loop haar soms by die toilette raak. Lien vermoed die gaar rokke is *the real thing*. Magriet dra dit nie om die mense te *impress* nie. Dis hoe haar rokke regtig lyk.

“Tot wanneer?” roep Roos.

“Weet nie! Dalk moet julle gou maak voor die mense van die werk af kom!”

Magriet prop die pamflet in haar sak. “Ek gaan nou-nou!”

“Kom, ons moet sommer *nóú* gaan,” sê Roos terwyl sy steunend opstaan. Tibbey lê op sy rug aan ’n grassie en kou. Hy loer onder sy pet deur na Roos. “I’m not into baked beans.” Lien wil self kreun as sy die woord hoor.

“Jy eet vis, Tibbey, kom. Halfprys is halfprys.” Roos stof haar rok af. “Kom!”

Lien en Tibbey staan traag op. Roos begin flink in die rigting van die sentrum stap. Tibbey kyk vir Lien en Lien kyk vir Tibbey. “*Well ...*” sê Tibbey onseker, “*I think I like* vis ...” Lien wonder. Roos is seker reg. Halfprys is halfprys.

Hulle haal Roos in en stap ...

1.9 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE:

- Lien gaan na ’n vergadering van Weigh-Less en dink aan ’n moontlike oplossing vir haar probleem.
- Lien koop gemaklike skoene.
- Lien besoek haar ou huis en besef sy hoort nie meer daar nie.
- Lien se sosio-ekonomiese omstandighede versleg.

(4)

1.10 “Spar se *baked beans* en *pilchards* is op *special*, halfprys!” (Reël 1)

1.10.1 In watter ruimte bevind Lien haar?

(1)

1.10.2 Wie is Roos?

(1)

1.11 “Kom, ons moet sommer *nóú* gaan, ...” (Reël 11)

1.11.1 Benoem die skryfteken in “*nóú*”.

(1)

1.11.2 Waarom is die skryfteken in VRAAG 1.11.1 effektief binne die konteks?

(1)



1.12 Dink aan die verhouding tussen Lien en Roos.

1.12.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Uit Lien se ongewone vriendskap met Roos kan ons aflei dat Lien
(geleer het om verby die uiterlike te kyk/desperaat is vir vriendskap). (1)

1.12.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.12.1. (1)

1.13 Lien het haar lot in die lewe aanvaar.

Motiveer waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.14 Een van Lien se karaktereienskappe wat na vore kom in die roman is haar
onselfsugtigheid.

Hoe het haar verhouding met Tibbey hierdie eienskap beklemtoon? (1)

1.15 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter
(A–D) langs die vraagnommer (1.15) neer.

Lien ondergaan verandering in die roman en daarom word sy as 'n ... beskou.

A antagonis

B tritagonis

C hoofkarakter

D ronde karakter (1)

1.16 Al die volwassenes in Lien se lewe stel haar teleur.

Motiveer waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.17 Hoe sluit die tema van gesinsprobleme en die titel bymekaar aan? (1)

1.18 In hierdie verhaal is medemenslikheid baie belangrik.

1.18.1 Op watter manier word medemenslikheid aan Lien betoon? (1)

1.18.2 Hoe het Lien se medemenslikheid Lien se verhouding met haar ouers
verbeter? (1)

TOTAAL VRAAG 1: [35]



VRAAG 2: Die vlerke van naaldekokers – Cecilia Steyn

Lees die uittreksels hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS C

“Gee jy altyd so maklik op?” vra Lee.

Sy vraag vang my onkant. Ek maak my mond oop en weer toe, want ek weet nie hoe om hom te antwoord nie. Hoe sal hy tog verstaan. Net toe kom sit 'n naaldekoker reg langs my sneaker. Ek trek my asem in en leun stadig vorentoe. Ek was nog nooit so naby aan een nie. Die son vang sy vlerke net reg en laat die mooiste reënboogkleure daaroor speel. Ek kan tot die fyn aartjies daarop sien. Van hier kan ek sy groot oë ook sien.

5

Lee buk langs my. Eers wil ek hom keer, want hy gaan die naaldekoker skrikmaak, maar die naaldekoker beweeg nie.

“Daar's nou vir jou 'n goeie voorbeeld van voluit leef. 'n Les wat ons kan leer by een van die oudste insekspesies,” fluister hy. Ek verstaan nie wat hy bedoel nie, maar hy gaan aan: “Het jy geweet 'n naaldekoker spandeer meeste van sy lewe onderwater?”

10

“Nee,” sê ek.

“Ja, die grootste deel van sy lewe, tussen twee en vyf jaar as 'n larwe, maar net ses tot agt weke as die mooi insek wat jy daar sien. Maar in daardie paar maande leef hy voluit en sit amper nie 'n oomblik stil nie,” sê Lee. “In kontras met die vaal larwe, is die volwasse naaldekoker met sy pragtige vlerke en lyf, ...”

15

- 2.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die KORREKTE woord langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.4) neer. Kies die antwoord uit die blokkie hieronder.

aanpassing	verandering	Lienke	Katie	metamorfose
	vlieg	verander	aanvaarding	

Naaldekokers speel 'n belangrike simboliese rol in die roman. Lee verduidelik vir Kylie dat dit 'n simbool van (2.1.1) ... en (2.1.2) ... is. Sy suster, (2.1.3) ... , hou baie van naaldekokers en daarom weet hy so baie daarvan. Kylie moet soos 'n naaldekoker (2.1.4) ... om haar lewe te geniet.

(4)



- 2.2 “Gee jy altyd so maklik op?” (Reël 1)
- 2.2.1 Waarna verwys Lee? (1)
- 2.2.2 Waarom is dit waarna Lee in VRAAG 2.2.1 verwys baie belangrik vir Kylie? (1)
- 2.3 In watter ruimte is Kylie en Lee op die oomblik? (1)
- 2.4 Kylie het saam met Lee en haar oupa op die “road trip” gegaan sonder haar ouers se toestemming.
- Waarom, dink jy, sou haar ouers moontlik nie toestemming gegee het nie, selfs al het sy gevra? (1)
- 2.5 “Daar’s nou vir jou ’n goeie voorbeeld van voluit leef.” (Reël 10)
- 2.5.1 Waarom is die woorde ’n belangrike boodskap vir Kylie? (1)
- 2.5.2 Kylie het ’n tragiese verlies gely.
- Motiveer waarom die stelling WAAR is met EEN feit. (1)
- 2.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.6) neer.
- Tydens die “road trip” ervaar Kylie innerlike konflik omdat sy ...
- A bang is om in ’n kar te ry, maar sy wil wegkom van haar ouers af.
- B van Lee hou, maar sy weet dat haar gevoelens vir Coen ook nog sterk is.
- C weet hoe kwaad haar ouers gaan wees, maar sy wil tyd saam met Lee spandeer.
- D eintlik saam met haar vriende wou kuier, maar nie haar oupa in die steek wou laat nie. (1)
- 2.7 Hierdie “road trip” is vir Kylie EN haar oupa belangrik om verskillende redes.
- Verduidelik hoe hierdie redes verskil. (2)



2.8 Die ongeluk het langdurige gevolge ingehou.

Kies die oorsaak in **KOLOM B** wat by die gevolg in **KOLOM A** pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (2.8.1 tot 2.8.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.8.1	Verswakte ma-en-dogterverhouding	A	Alles word wit geverf.
2.8.2	Knol word deel van Kylie se lewe.	B	Lieke se sestiende verjaarsdag word met koek gevier.
2.8.3	Kylie is bang dat Lieke vergeet word.	C	Kylie word vervreem van haar skoolvriende.
2.8.4	Lieke se dood is nie verwerk nie.	D	Kylie word uit die motor geslinger.
		E	Ingrid het haar foon gebruik en dit geheim gehou.

(4x1) (4)

2.9 Dink jy Kylie is regverdig in hoe sy haar ma sedert die ongeluk behandel?

Motiveer jou antwoord.

(1)

EN

TEKS D

Toe die hyser oopgaan, blaas ek my asem stadig uit. Op die glasdeure staan: <i>Gauche and Belle Orthotics and Prosthetics</i>. Lee hou vir my die deur oop en ons stap na die ontvangsdame. “Welkom Kylie,” sê die vrou agter die toonbank en stoot 'n vorm na my. “As jy dit kan invul, asseblief.” Ek knik en vat die vorm by haar. Met die knipbord gaan sit ek langs Lee. 'n Jongerige vrou kom by 'n spreekkamerdeur uit. Sy loop met krukke. Haar regterbeen is geamputeer. Toe sy sien ek kyk na haar, glimlag sy vriendelik. Op Lee se skoot is albei my protesese. Ons moes dit saambring. Ek kan sien hoe die ratte in sy kop draai terwyl hy hulle stilweg bekyk. Hy glimlag nie meer nie. Teen 'n sagteblou muur, en langs die foto van 'n klein erdebakkie met goudkleurige merkies op, staan in groot wit letters: <i>Beautifully Broken</i>. “Ken jy dit?” vra Lee en beduie na die foto. “Kintsukuroi,” sê hy. “Nee.” Ek skud my kop. “Ek het nog nooit daarvan gehoor nie.” “Dit beteken om iets wat gebreek is met goue lak of silwer reg te maak,” sê hy. “Die Japannese glo die stuk is mooier juis omdat dit gebreek het.” Is dit hoe ander mense my ook nou sien? Gebreek. Ek staan op en gee die vorms vir die ontvangsdame ...		
		5
		10
		15



2.10 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE:

- Lee gee vir Kylie hoop vir die toekoms toe hy haar soen.
- Lee beskerm vir Kylie deur te sê sy het haar arm in 'n haaiaanval verloor.
- Lee en Kylie volg Pauline se storie.
- Lee is bereid om soos die Joker aan te trek omdat dit vir Kylie belangrik is. (4)

2.11 Lee het Kylie ontspanne laat voel oor die besoek aan die ortotis.

Motiveer waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

2.12 Om “heel” te word is 'n belangrike boodskap in die roman.

Bespreek hoe die besoek aan die ortotis vir Kylie denotatief “heel” gemaak het. (1)

2.13 “*Beautifully Broken*” (Reël 11)

2.13.1 Verduidelik die ironie van die slagspreuk. (2)

2.13.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hierdie slagspreuk en die roudiens vir Knol is belangrik vir Kylie omdat (sy finaal aanvaar het dat sy nie meer haar hand het nie/sy kon afskeid neem van haar sussie). (1)

2.14 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.14) neer.

Die projek, *Riding for a limb*, het Kylie laat besef dat ...

- A sy nie die enigste persoon is wat met amputasie saamleef nie.
- B die kwaliteit van haar lewe nie bepaal word deur mense se opinies nie.
- C sy ook braaf kan wees en kan kies om positief oor haar situasie te wees.
- D daar baie mense is wat geld insamel en haar ook met 'n protese sal kan help. (1)

2.15 Kylie het vir Danika Belle ontmoet.

2.15.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Kylie was (geïnspireer/ontmoedig) deur Danika se verhaal. (1)

2.15.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.15.1. (1)



2.16 Kylie en Lee se verhouding het gegroei.

2.16.1 Wat het gebeur dat Kylie van die verhouding onttrek het? (1)

2.16.2 Dink jy Kylie het reg opgetree? Motiveer jou antwoord. (1)

2.17 “Kintsukuroi” (Reël 12)

2.17.1 Wat beteken “Kintsukuroi”? (1)

2.17.2 “Kintsukuroi” is van belang vir Kylie.
Motiveer waarom die stelling WAAR is. (1)

2.17.3 Op watter manier is Lieke geëer deur “Kintsukuroi”? (1)

TOTAAL VRAAG 2: [35]



VRAAG 3: Skeur – Carel van Rooyen

Lees die uittreksels hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS E

Eers het ons daaroor gelag. Ha-ha-ha, die mense wat dom genoeg is om bang te raak darem ... Selfs toe die stories nie weggegaan het soos ons gedink het dit sou nie, en meer en meer geword het.	
Tot daardie Maandagoggend, toe ons die geruis gehoor het en die spanning onder ons gevoel het. Toe't ons geweet dis ons, óns wat dom was omdat ons dit nie wou glo nie.	5
Die gerugte het toe reeds al verander van 'n vae vooruitsig na iets met syfers, grafieke, 'n datum.	
Dit het finaal ingesink toe Coetzee se afkondiging kom dat daar nie Vrydag skool sou wees nie.	10
"Maar daar's altyd skool op 'n Vrydag," het Yolandi gesê en omgeswaai in haar bank om na my te kyk, asof dit ék was wat die afkondiging gemaak het.	
"... sodat julle die tyd saam met jul naasbestaendes kan spandeer." Die interkom het dramaties gekraak. "Dankie dat julle sulke uitstaande leerders was ... is en Hoërskool Bitterbrugfontein se naam hoog gehou het."	15
Almal het gelyktydig begin praat, behalwe ek.	
Ek het afgekyk na my bank waar ek <i>For the best</i> ingekrap het met my skêr.	
Aan die begin van die kwartaal het meneer Voster ons geskuif. Hy het my in die middel van die klas gesit omdat hy van my hou. Van daar af kon ek hoor wat almal sê.	20

- 3.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die KORREKTE woord langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.4) neer. Kies die antwoord uit die blokkie hieronder.

bedreiging	verrassing	21 Julie	23 Junie
Nightshifts	Nightwalkers	einde	begin

Die gerugte verwys na die (3.1.1) Die datum waarop dit gaan tref is (3.1.2) ... en dit sal die (3.1.3) ... van die wêreld, soos dit nou is, wees. Hierdie is 'n ongekende (3.1.4) ... wat almal beïnvloed.

(4)

- 3.2 Wie was "Coetzee" (reël 9) wat die afkondiging gemaak het?

(1)



- 3.3 “Dit het finaal ingesink toe Coetzee se afkondiging kom ...” (Reël 9)
- 3.3.1 Hoekom glo almal n   skielik die waarskuwings wat hulle vroe  r ge  gnoreer het? (1)
- 3.3.2 Waarom is die aanvanklike ongeloof ’n normale reaksie? (1)
- 3.4 Later daardie dag word Maria na ’n partytjie genooi.
- 3.4.1 Wie nooi haar? (1)
- 3.4.2 Beskryf die innerlike konflik wat Maria oor die partytjie ervaar het. (1)
- 3.5 Kies die KORREKTE antwoord om die vraag te beantwoord. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.5) neer.
- Wie se teenwoordigheid by die partytjie het Maria die meeste verbaas?
- A Nadia
- B Elsa
- C Yolandi
- D Narissa (1)
- 3.6 Dink aan die gebeure in die uittreksel.
- Hoe word die tema van geweld hier uitgebeeld? (1)
- 3.7 Voor die gebeure in die uittreksel het Maria trauma ervaar.
- 3.7.1 Wat het gebeur?
- Noem in jou antwoord wat gebeur het en ook hoe dit gebeur het. (2)
- 3.7.2 Waarom het die gebeurtenis konflik vir Maria veroorsaak? (1)
- 3.7.3 Hoe weet ons Maria en haar gesin het nog nie die gebeurtenis verwerk nie? (1)
- 3.8 Dink jy Maria het reg opgetree toe sy na die partytjie toe wou gaan? (1)
- 3.9 Ons lees deurlopend van grootmense wat kinders in die steek laat.
- Maria en Luan het hulle seerkry met hulle gunstelingonderwyser gedeel.
- Hoe verskil die onderwyser se optrede teenoor Maria EN Luan (nadat hulle hulle seerkry met hom gedeel het)? (2)

EN



TEKS F

“Enigiemand kan gevaarlik wees. Onder die verkeerde omstandighede.”	
“Ja.” Dit was seker naïef van my om te dink dat die aardbewings sou maak dat ons méér geduld met mekaar sou hê.	
“Wel, ek dink nie ons ken hom goed genoeg om hom te vertrou nie,” sê Nadia.	
“Of dalk ken ons hom nou te goed om hom te vertrou. Jy weet mos van daai statistieke van tieners met abusive pa’s, hoeveel in die tronk opeindig, hoeveel op dwelms, hoeveel later ook gewelddadig raak.”	5
“Daai statistieke is ook vir mense wat sônder pa’s grootword,” sê ek.	
“Ja, maar ... jy het mos tot ... Ek het dit nie so bedoel nie,” sê Nadia.	
Ek asem uit. Méér geduld.	10
“Dis okay,” sê ek. “Ek weet.”	
Ons begin weer stap. Toe ons gery het en A Band of Drummers op die radio gespeel het, het dit so naby gevoel; nou is dit ver.	
“Dis amper volmaak,” sê Nadia.	
“Wat is volmaak?” vra ek, onseker oor wat sy bedoel.	
“Ek sê dis amper volmaan,” sê Nadia.	
Ek kyk op.	
“Ja.” Die takke laat dit lyk asof die maan gekraak het.	
“Hoe ver dink jy het ons al gestap?” vra Nadia.	
“Ek weet nie. Seker so twee kilometer.”	20
“Ek hou van jou skoene.”	
“Dit maak my voete seer. Ek wens ek het ook sneakers aangehad.”	
“Kan ek dit aanpas?”	

3.10 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE:

- Nadia wil iemand bel om te kom help, maar weet dit gaan sinneloos wees.
- Nadia en Maria hardloop weg.
- Nadia, Maria en Luan besef die brug het verdwyn.
- Luan demonstreer gevaarlike gedrag.

(4)

3.11 “Enigiemand kan gevaarlik wees.” (Reël 1)

3.11.1 Hoe het hierdie woorde die waarheid geword vir Maria?

(1)

3.11.2 Na wie word daar in die aanhaling verwys?

(1)



3.12 “Daai statistieke is ook vir mense wat s nder pa’s grootword,’ s  ek.” (Re l 8)

3.12.1 Kies die KORREKTE antwoord uit di  tussen hakies.

Nadia (stereotipeer/oordryf) as sy d t s . (1)

3.12.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 3.12.1. (1)

3.13 “Ek hou van jou skoene.” (Re l 21)

3.13.1 Hoekom het Maria die aand di  skoene aangetrek? (1)

3.13.2 Hoe sluit die gesegde “om in iemand anders se skoene te staan” letterlik aan by hierdie gedeelte? (1)

3.13.3 Dink jy dit is nodig om jouself figuurlik in ander se skoene te plaas? (1)

3.14 Kies die direkte woorde in **KOLOM B** om by die karakter in **KOLOM A** te pas. Skryf slegs die antwoord (A–E) langs die vraagnommers (3.14.1 tot 3.14.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.14.1	Evert	A	“Pla die musiek nie jou ouers nie?”
3.14.2	Elsa	B	“Jy kan nou my selfoon teruggee.”
3.14.3	Narissa	C	“Dalk moet ons stem oor wie die rewolwer hou.”
3.14.4	Maria	D	“Jy skinder nie.”
		E	“Ons kon nie die inwendige bloeding betyds stop nie.”

(4x1) (4)

3.15 Verduidelik hoe die figuurlike betekenis van die titel by Maria se aksies van die aand aansluit. (1)

3.16 Dink jy Maria is ’n goeie rolmodel? Motiveer jou antwoord. (1)

TOTAAL VRAAG 3: [35]

TOTAAL AFDELING A: [35]



AFDELING B: DRAMA

VRAAG 4: *Fiela se kind* – Dalene Matthee

Lees die uittreksels hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS G

MAGISTRAAT *se kantoor. Kateder vir* MAGISTRAAT.

BENJAMIN *agter*.

BENJAMIN: Twee maal nege is agttien. Drie maal nege is (*tel op sy vingers*) sewe-en-twintig. Vier maal nege is ses-en-dertig. Vyf maal nege ... As hulle van my vergeet het en die deure sluit, sal ek deur die venster klim. Die moeilikheid is my trommel. Ek kan nie sonder die trommel teruggaan nie, want Dawid se baadjie en ander goed is daarin. Gelukkig is die vyf sjielings in my sak.

5

Mense begin skielik agter praat. Deure gaan oop en toe.

MAGISTRAAT.

MAGISTRAAT (*kom op*): Waarom so agter teen die muur, seun? Kom hier. (*Pouse.*) Kom vorentoe, kom sê vir my wat jou naam is.

10

BENJAMIN (*kom effens nader*): Benjamin Komoetie.

MAGISTRAAT: Kom nader, ek kan nie hoor nie.

BENJAMIN (*hoes en kom vorentoe*): Benjamin Komoetie.

KONSTABEL *kom binne*.

15

MAGISTRAAT: Kry jy koud?

BENJAMIN: Nee.

MAGISTRAAT: Nou goed, Benjamin, ek gaan vir jou 'n paar maklike vrae vra wat ek wil hê jy moet baie mooi vir my beantwoord. (*Pouse.*) Is jy seker jy kry nie koud nie?

20

BENJAMIN: Dis niks, weledele heer.

MAGISTRAAT (*suig sy wange aan die kante in en laat dit weer uitbult voor hy praat*): Kan jy onthou of jy, toe jy baie klein was, eers 'n ander naam gehad het?

BENJAMIN: My naam was maar altyd Benjamin Komoetie.

MAGISTRAAT: Goed. Kan jy enigiets onthou voordat jy by die mense in die Lange Kloof beland het?

25



- 4.1 Voltooi die volgende paragraaf feitlik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die KORREKTE woord(e) langs die vraagnommers (4.1.1 tot 4.1.4) neer. Kies die antwoord(e) uit die blokkie hieronder.

Wolwekraal	Lange Kloof	twalf	nege	ma
biologiese	hans-	aangenome	vriend	

Benjamin bly al vir (4.1.1) ... jaar by Fiela in die (4.1.2) ... Hy is nie haar (4.1.3) ... kind nie, maar sy is die enigste (4.1.4) ... wat hy ken.

(4)

- 4.2 Fiela het vir Benjamin vyf sjelings gegee.

4.2.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Fiela het die geld vir hom gegee om (Knysna/Kom se Bos) toe te vat.

(1)

4.2.2 Hoekom het Fiela dit gedoen?

(1)

- 4.3 Benjamin was senuweeagtig omdat hy op 'n vreemde plek was.

Gee nog TWEE redes waarom hy senuweeagtig was.

(2)

- 4.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.4) neer.

“Kom hier. (*Pouse.*) Kom vorentoe, ...” (Reël 10 en 11)

Ons kan aflei dat die magistraat op die stadium ... Benjamin was.

A geduldig met

B ongeduldig met

C teleurgesteld in

D hardvogtig teenoor

(1)

- 4.5 Hoe het Benjamin by die magistraat se kantoor gekom?

(1)

- 4.6 Waarom kan ons sê dat die magistraat die regte ding gedoen het?

(1)

- 4.7 Benjamin se lewe het daardie dag in die hof verander.

Hoe het die twee moederfigure van mekaar verskil?

(2)



- 4.8 Kies die beskrywing in **KOLOM B** wat by die persoon in **KOLOM A** pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (4.8.1 tot 4.8.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.8.1	Dikke	A	koop dasvelle by die Komoeties.
4.8.2	Petrus Zondag	B	is op skaapdiewe se spoor.
4.8.3	Veldkornet	C	onthou die kind wat weggeraak het.
4.8.4	Rossinski	D	probeer die kind se herinneringe terugbring.
		E	was nie beskikbaar toe Fiela raad nodig gehad het nie.

(4x1) (4)

- 4.9 Hoe kry die dramaturg dit reg om die magistraat se emosies aan die leser oor te dra?

(1)

EN

TEKS H

FIELA (*op band*): Hy't my Má genoem? Loof die Here, o my siel. Here, hou my bene styf sodat ek hierdie hemel regop beleef vandag.

LUKAS: Moenie so huil nie, Ma. Ek het gekom. In die sak is 'n vis. As ek reg onthou, het iemand destyds gesê ek moet 'n vis saam terugbring. Moenie huil nie, kyk, ek het die vyf sjielings ook nog. (*Lag en soen haar op die mond.*)

5

Ligte doof uit met Fiela se stem op band.

FIELA: Ons moes Selling lawe en hom in die kooi sit. Hy het gesê Kittie moet die Bybel bring en vir hom van die verlore seun lees. Maar Kittie het te veel gehuil en toe het Benjamin maar self gelees. Ons het nie 'n vetgemaakte kalf geslag en geëet nie; ons het net almal om Selling bly sit en sewe jaar tussen ons losgepraat.

10

Ligte kom op oor FIELA se werf. Ons hoor 'n gekap op die agtergrond. FIELA en SELLING op verhoog.

FIELA (*op band*): Benjamin werk soos 'n man wat honger is en nie genoeg kan kry nie. Ons het die koring in die grond gekry.

15

SELLING: Die Here is goed, Fiela.

FIELA: Hy's klaar met die Bos, Selling. Hy sal nie weer teruggaan nie.

SELLING: Daar's 'n hartseer in hom, Fiela.

FIELA: Ek weet. Maar dit sal regkom.



4.10 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE:

- Lukas vat vir Nina dorp toe.
- Lukas van Rooyen probeer weghardloop.
- Lukas kry 'n dasvelkometers by Fiela.
- Lukas moet as straf die balke kap. (4)

4.11 “Hy’t my Má genoem?” (Reël 1)

4.11.1 Hoekom was Fiela so verbaas? (1)

4.11.2 Waaruit kan ons aflei dat Fiela vreugde ervaar het? (1)

4.12 “Ons het nie ’n vetgemaakte kalf geslag en geëet nie; ...” (Reël 9 en 10)

4.12.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hierdie reël is ’n voorbeeld van (personifikasie/metafoor). (1)

4.12.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.12.1. (1)

4.13 “... en sewe jaar tussen ons losgepraat.” (Reël 10 en 11)

Wat bedoel Fiela met die woorde? (1)

4.14 Lukas het lank beplan om na Fiela toe te gaan.

Motiveer waarom die stelling ONWAAR is. (1)

4.15 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.15) neer.

In die uittreksel word Fiela se ... uitgebeeld.

A harde werk

B moederliefde

C morele waardes

D standvastige geloof (1)

4.16 Benjamin wou met Fiela praat oor iets.

4.16.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Benjamin het innerlike konflik oor die saak ervaar omdat (hy nie gedink het dat hy so mág voel nie/bang was dat Fiela hom gaan oordeel). (1)

4.16.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.16.1. (1)



- 4.17 “Hy’s klaar met die Bos, Selling. Hy sal nie weer teruggaan nie.” (Reël 17)
Gee EEN rede waarom Fiela verkeerd was. (1)
- 4.18 Watter rol het Nina in Lukas se soeke na sy identiteit gespeel? (1)
- 4.19 Een van die belangrikste gebeure in die drama is toe Lukas besluit het dat hy as Benjamin Komoetie wil bekend staan.
- 4.19.1 Watter positiewe toekoms sou hy as Benjamin Komoetie hê? (1)
- 4.19.2 Op watter manier het John Benn hom verseker dat hy die regte besluit geneem het? (1)

TOTAAL VRAAG 4: [35]



VRAAG 5: *Pad na jou hart* – Ivan Botha en Donnalee Roberts

Lees die uittreksels hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS I

BINNEKANT – THOMAS NDLOVU SE HUIS: BASSON bekyk die sitkamer en sy oog vang 'n houtvertoonkas met antieke en moderne Aston Martin-modelsportmotortjies.		
111.	THOMAS (<i>beduie na een van die modelsportmotortjies</i>): 'n Meesterstuk, by verre die Britte se beste werk. Sit, asseblief.	
112.	BASSON (<i>gaan sit op 'n russtoel</i>): Dit klink asof jy my verwag het ... en my pa geken het?	5
	THOMAS <i>haal twee porseleinkoppies uit die kombuiskas en begin kitskoffie maak.</i>	
113.	THOMAS: Een melk, twee suikers?	
114.	BASSON: Um ... ja ... dankie.	10
115.	THOMAS: Ek en jou pa kom al 'n lang pad. Ons het saam gestudeer. Hy het vir my gesê jy gaan kom kuier – net nie gesê wanneer nie. Hy het ook vir my gevra om vir jou 'n paar skoene te maak. Nommer nege, nè?	
116.	BASSON (<i>verward</i>): Skoene? Julle het saam geswot? (<i>THOMAS knik en sit 'n skinkbord met koffie voor BASSON neer.</i>) My pa het aan Oxford studeer.	15
117.	THOMAS (<i>gaan sit langs BASSON</i>): Ek weet, ons het albei in daardie jaar die Internasionale Rhodes-sakebeurs gewen. THOMAS <i>beduie na 'n foto van hom en BASSON SR. by hulle gradeplegtigheid teen die muur agter hom. Dit hang tussen verskeie van sy sertifikate.</i>	
118.	BASSON (<i>verras</i>): So, jy het ook 'n doktorsgraad in sakebestuur? Wat doen jy hiér?	20
119.	THOMAS (<i>lag</i>): Wel, ek het ook 'n vrou en kinders, en 'n wonderlike, groot uitgebreide familie. (<i>Beduie na 'n groot familiefoto langs sy sertifikate ...</i>)	



- 5.1 Voltooi die volgende paragraaf feitlik korrek deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die KORREKTE woord langs die vraagnommers (5.1.1 tot 5.1.4) neer. Kies die antwoord uit die blokkie hieronder.

Thomas	Fraaiuitzicht	Clarens	Lucky
verjaarsdag	afsterwe	André	Andrew

Basson Jr. het op reis gegaan ná sy pa se (5.1.1) Hy moes eers (5.1.2) ... toe gaan en het daar die jong (5.1.3) ... ontmoet wat hom na sy pa se vriend toe gevat het. Basson Jr. se instruksies om op die reis te gaan het van sy pa af via (5.1.4) ... gekom.

(4)

- 5.2 Waarom moes Basson Jr. op die reis gaan?

Gee TWEE feite uit die drama.

(2)

- 5.3 “Skoene? Julle het saam geswot?” (Reël 14)

Watter karaktereienskap van Basson Jr. word hier uitgewys?

(1)

- 5.4 Kies die KORREKTE antwoord om die vraag te beantwoord. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.4) neer.

“n Meesterstuk, by verre die Britte se beste werk.” (Reël 3 en 4)

Basson Jr. heg waarde aan sy Aston Martin omdat ...

A hy hard daarvoor gewerk het.

B hy daarvan hou om ander te beïndruk.

C aardse goed vir hom die belangrikste is.

D hy glo dat Britse motors baie beter as enige ander motor is.

(1)

- 5.5 “Nommer nege, nè?” (Reël 13)

5.5.1 Dink aan Basson Sr. se wense vir Basson Jr.

Waarvan is die velskoene simbolies?

(2)

5.5.2 Wat moes Basson Jr. opgee om die velskoene te kry?

(1)

- 5.6 Ná die besoek aan Thomas was Basson Jr. baie kwaad.

5.6.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Basson Jr. was kwaad vir (Thomas/sy pa).

(1)

5.6.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 5.6.1.

(1)



- 5.7 Kies die opdrag in **KOLOM B** wat by die plek in **KOLOM A** pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (5.7.1 tot 5.7.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
5.7.1	Clarens	A	Basson Jr. moet fisies werk.
5.7.2	Graaff-Reinet	B	Daar is 'n belangrike begrafnis.
5.7.3	De Aar	C	Dit is belangrik om musiek te maak.
5.7.4	Kaapstad	D	Basson Jr. moet vra vir hulp.
		E	Basson Jr. moet sy tyd gee.

(4x1) (4)

- 5.8 Waarom, dink jy, het Basson Sr. hierdie reis vir Basson Jr. beplan en nie net vir hom gesê wat hy van hom verwag nie?

(1)

EN

TEKS J

BINNEKANT – OASIS-KARAVANPARK – GERDA SE WOONWA: AMORY en BASSON sit effens beknopt by 'n eenvoudige klein tafeltjie waaroor 'n plastiektafeldoek hang. BASSON kyk na 'n foto van AMORY teen 'n muur. GERDA maak kitskoffie in drie onpaar bekers.

424. GERDA: As ek geweet het julle gaan kom kuier, sou ek gespring-clean het. 5
425. AMORY (*kyk na GERDA se blouoog*): Dis nie nodig nie, Ma. (*Versigtig.*) Waar is ... Hein?
426. GERDA (*draai haar gesig weg*): Jong, daardie gemors is hier weg. Gesê sy skip het uiteindelik ingekom. Ek het vir hom mooi laat verstaan hy moenie bodder om terug te kom nie. 10
- GERDA stap sydelings na die yskas.*
427. GERDA (*haal 'n sakkie melk in 'n plastiekbeker uit die yskas*): Maar hy kry mos altyd die laaste woord in. (*Kyk op.*) Melk?
428. BASSON (*glimlag ongemaklik*): Ja, asseblief, Tannie.
429. GERDA (*kom sit aan tafel*): So, hoe lank is julle tweetjies al vriende? 15
430. BASSON: 'n Volle twee dae, Tannie. Amory gee my 'n lift Kaap toe.
431. GERDA (*gee vir BASSON 'n beker koffie*): O, ek wou sê jy het hom nog nie in jou briewe genoem nie. (*Aan BASSON.*) Amorytjie skryf elke maand aan my 'n brief. (*Opgewonde.*) Ek het almal gehou! Hoeveel is dit nou al?
432. AMORY: Honderd-en-sewentien. 20
433. BASSON (*eggo*): Honderd-en-sewentien maande?
434. GERDA: Ja, amper 'n dekade. (*Strek oor die tafel en neem AMORY se hande in hare.*) Ek is bly jy is hier.



5.9 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE:

- Basson Jr. eet huiwerig spaghetti uit 'n blikkie uit.
- Basson Jr. sien hoe Amory haarself met 'n kettie verdedig.
- Basson Jr. teken 'n blommetjie op Amory se voet.
- Basson Jr. ruil Amory se band om. (4)

5.10 “Gesê sy skip het uiteindelik ingekom.” (Reël 8 en 9)

5.10.1 Wat is die figuurlike betekenis van hierdie woorde? (1)

5.10.2 Wat is die betekenis van hierdie woorde in die konteks van hierdie uittreksel? (1)

5.11 Dink jy Amory het reg opgetree toe sy die huis verlaat het? Motiveer jou antwoord. (1)

5.12 “Maar hy kry mos altyd die laaste woord in.” (Reël 12 en 13)

5.12.1 Benoem die stylfiguur in die reël. (1)

5.12.2 Verduidelik jou antwoord op VRAAG 5.12.1 binne die konteks van die uittreksel. (1)

5.13 Hein het die laaste brief wat Amory geskryf het gelees.

Hoe het Hein se gevoel teenoor Amory verskil VOOR en NÁ hy dié brief gelees het? (2)

5.14 Ná die besoek aan Amory se ma is sy en Basson Jr. na die Fraaiuitzicht Tehuis vir Bejaardes toe.

5.14.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
Amory kon (ontdek 'n nuwe plek/gaan terug in tyd) van haar emmerskoplysie afmerk. (1)

5.14.2 Waarom is dit spesifiek gepas dat Amory 'n emmerskoplysie het? (1)

5.14.3 Hoe dink jy kan 'n emmerskoplysie iemand in Amory se situasie help? (1)



- 5.15 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.15) neer.

Basson Jr. het uitgevind van sy pa en Amory se ooreenkoms toe ...

- A Amory siek geword het.
- B Hein hom en Amory gedreig het.
- C hulle by Amory se ma gekuier het.
- D Amory hom die waarheid vertel het. (1)

- 5.16 Wanneer het Basson Jr. besef dat Amory deel van sy toekoms is? (1)

- 5.17 Wat is die letterlike betekenis van die drama se titel vir Amory? (1)

TOTAAL VRAAG 5: [35]

TOTAAL AFDELING B: [35]



AFDELING C: KORTVERHALE

BEANTWOORD DIE VRAE OOR BEIDE DIE KORTVERHALE.

Beantwoord 6.1 EN 6.2 (Jy moet **BEIDE** kortverhale doen vir 35 punte.)

6.1 'n Hulpelose Samaritaan – T.T. Cloete

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS K

“Jammer, sekere pligte en barmhartighede word nie gedeel nie ... betrokkenheid hou iewers op en strek nie tot in die oneindige nie.” Dit is asof Hans dit weet, maar dit pla hom om dit van 'n brutale, harde boer te hoor.

“Die plig en barmhartigheid en betrokkenheid, ja, maar sulke skade? Word die gevolge, die skade, nie gedeel nie?” vra Hans onseker. Hy kan nie glo wat hom so onvoorspelbaar oorgekom het nie.

5

Die skaapboer bly genadeloos. Geen argumente help nie. Hans slaap daardie nag byna niks nie, en in die kort fases van oppervlakkige slaap word hy geteister deur die vrae wat hy aan homself stel ... hoe jy onvoorsiens in baie groot moeilikheid kan beland juis as jy dit wil voorkom. Jy betaal vir wat jy nie wil hê nie, en jy betaal te veel. Iets wat met 'n geringe beweging aan die gang gekom het, kry vaart, verander van koers en ontspoor.

10

Hans is die volgende oggend donsvormdag na die boer se plaas om die saak te bekyk en verder te beredeneer.

Hy verbeel hom, toe hulle daar op die boer se werf rondloop, dat hy deur 'n skrefie van die groot deur in die skuur 'n groot swart motor sien staan, iets soos 'n Mercedes Benz of 'n BMW ... Min of meer so iets. Enigeen van daardie soort. Maar dalk verbeel hy hom. Dit het ook vir hom in 'n vinnige oogopslag ...

15

6.1.1 Voltooi die volgende paragraaf feitlik korrek deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die **KORREKTE** woord(e) langs die vraagnommers (6.1.1 a) tot 6.1.1 d)) neer.

a) ... ry elke b) ... uit die dorp uit om met sy honde te gaan stap. Hy gaan stap tussen die c) ... waar dit stil is. Hy kan nie in die dorp met hulle gaan stap nie omdat hulle baie d) ... is.

(4)



6.1.2 “Jammer, sekere pligte en barmhartighede word nie gedeel nie ...” (Reël 1)

- a) Wat is die barmhartigheid waarna verwys word? (1)
- b) Wat was die gevolg van die barmhartigheid? (1)

6.1.3 “Jy betaal vir wat jy nie wil hê nie, en jy betaal te veel.” (Reël 10 en 11)

- a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
Hierdie is 'n voorbeeld van 'n (antitese/kontras). (1)
- b) Watter letterlike betaling is gemaak? (1)

6.1.4 “... verander van koers en ontspoor.” (Reël 12)

Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hierdie uitdrukking beteken dat dinge (vinnig verander/groter word as wat dit was). (1)

6.1.5 Waarom is dit interessant dat die groot swart motor raakgesien word? (1)

6.1.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.1.6) neer.

Die hoofkarakter het innerlike konflik ervaar toe hy ...

- A met die boer moes gaan praat oor sy honde.
- B moes besluit of hy iemand gaan help of sy honde gaan oppas.
- C nie die beloning vir sy goeie daad gekry het soos wat hy verwag het nie.
- D 'n goeie daad vir iemand anders verrig het, maar gewonder het oor die gevolge vir homself. (1)

6.1.7 Hierdie kortverhaal het ooreenkomste met 'n Bybelse verhaal.

Noem EEN aspek wat anders is vir die Samaritaan in die kortverhaal as vir die Samaritaan in die Bybelse verhaal. (1)



6.1.8 Kies die voorbeeld in **KOLOM B** wat by die element in **KOLOM A** pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (6.1.8 a) tot 6.1.8 d)) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
a)	Motoriese moment	A	'n Aantying word gemaak dat daar meer omgee vir diere as vir 'n mens is.
b)	Konflik	B	Reaksie op die advertensie oor die honde wat weg is.
c)	Klimaks	C	Daar is 'n beseerde fietsryer in die pad.
d)	Ontknoping	D	Vreemde optrede deur 'n karakter wat in die pad lê.
		E	'n Vrou loer deur die venster en die swart motor staan in die skuur.

(4x1) (4)

6.1.9 Hoe is die les wat die hoofkarakter leer teenstrydig met wat ons van die samelewing verwag?

(2)

EN

6.2 Kringloop – Ruto Vambo

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS L

Kerntoetse in die ruimte vanaf 'n ruimtelanseringsplatform. Voilà!

Aangrypende vuurwerke op Mars, wat meer wil 'n mens op Guy Fawkes-aand sien? Mars, die rooi planeet van die oorlogsgod, Gideon is ongetwyfeld in sy hart 'n digter. Maar ook prakties, want volgens sy berekeninge kon die ontploffing nie op die maan plaasvind nie want binne 24 dae daarna sal die aarde deur die stert van die maan se baan beweeg en blootgestel word aan radioaktiewe uitstraling wat deur die hele atmosfeer sou sprei. Die langtermyngevolge hiervan sou rampspoed en ellende inhou. Nee, Mars moes dit wees. 'n Verdere voordeel van die rooi planeet is natuurlik dat weens die laer swaartekrag die ontploffing duisend keer meer skouspelagtig sou wees. Die hele spektakel sal biljoene mense vermaak.

5

10

En die spil waarom alles draai: Gideon de la Mer, meer eksentriek as ooit in 'n kaftan wat om hom uitklok, luister aandagtig na die vrae op gespreksprogramme, maar gee kriptiese antwoorde wat deur niemand begryp word nie. Hoe slim, kweel almal. Wetenskaplikes is oorstelp deur die aandag

15



wat hy op hul beroep vestig. Studente wil almal kernfisika neem. Lettere- en wysbegeertefakulteite moet sluit weens gebrek aan belangstelling.

Die AAND breek aan. Helder en skoon. Perfekte lansering. Perfekte beeldsending. Manjifieke kleurskouspel, vlamme so hoog soos die Chrysler-gebou en die sampioenwolk sonder weerga. Maar diep in die hart van die rooi planeet heers pandemonium.

20

6.2.1 Skryf die volgende gebeure onder mekaar neer in die korrekte VOLGORDE soos wat dit in die kortverhaal gebeur.

- Kos verrot binne sekondes.
- Kragentrales spoel weg.
- Gideon de la Mer is 'n boekwurm.
- Stortreën sak uit op die aarde.

(4)

6.2.2 Motiveer waarom kerntoetse in die ruimte gedoen word.

(1)

6.2.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.2.3) neer.

Die spesifieke aand wat gekies is vir die ontploffing is gepas omdat ...

- A almal die ontploffing sal kan sien.
- B vuurwerke algemeen op dié dag is.
- C dit 'n spesiale dag is wat almal kan geniet.
- D dit die aand is wat alles die duidelikste sal wees.

(1)

6.2.4 “Die langtermyngevolge hiervan sou rampspoed en ellende inhou.” (Reël 8)
Verduidelik die ironie van dié sin.

(2)

6.2.5 Mense was skepties oor Gideon se planne.

Waarom is die stelling ONWAAR?

(1)

6.2.6 “Perfekte lansering. Perfekte beeldsending.” (Reël 18 en 19)

- a) Waarom word die woord “perfekte” herhaal? (1)
- b) Hoe weet ons dat die lansering aan almal se verwagtinge voldoen het? (1)



6.2.7 “Maar diep in die hart van die rooi planeet heers pandemonium.”
(Reël 20 en 21)

- a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
Hierdie sin dui 'n (wending/tydsprong) aan. (1)
- b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.2.7 a). (1)
- c) Noem TWEE gevolge van die lansering. (2)

6.2.8 Hoe word die mense se geweldsdrang in hierdie kortverhaal beklemtoon? (1)

6.2.9 Hoe sluit die titel by die inhoud van die kortverhaal aan? (1)

TOTAAL VRAAG 6: [35]

TOTAAL AFDELING C: [35]



AFDELING D: GEDIGTE

VRAAG 7

BEANTWOORD DIE VRAE OOR BEIDE DIE GEDIGTE

Beantwoord 7.1 EN 7.2 (Jy moet **BEIDE** gedigte doen vir 35 punte.)

7.1 *Rondom my* – Danie de Jager

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS M

RONDOM MY

- 1 Ek wil my tyd vat hierdie keer
- 2 ek moet my tyd vat hierdie keer
- 3 want die haastigheid in my
- 4 het my al veels te veel keer
- 5 ondergekry
- 6 my ondergekry.

- 7 Ek wil my tyd vat hierdie keer
- 8 ek moet my tyd vat hierdie keer.
- 9 Ek sien die blou in jou deur die bietjie in jou oë.
- 10 Ek weet daar is dinge wat jou ook nog pla
- 11 dinge wat jou terughou.
- 12 Kom wys my wie jy is en wie jy graag wil wees.
- 13 Kom wees net jy, kom wees net jy.

- 14 As jy wil tyd vat hierdie keer
- 15 kom vat 'n rukkie hier by my
- 16 As jy tyd wil vat
- 17 kom wees hier rondom my
- 18 kom wees hier rondom my
- 19 net as jy wil ...
- 20 net as jy wil.

[Bron: vonk@verse 1. Best Books, 2011]



- 7.1.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek. Skryf slegs die KORREKTE woord(e) langs die vraagnommers (7.1.1 a) tot 7.1.1 d)) neer.

Hierdie gedig is 'n voorbeeld van 'n liriek. Kenmerke van lirieke is dat daar baie a) ... en ritme is. 'n Liriek is ook b) Die c) ...-spreker in die gedig ervaar alles d)

(4)

- 7.1.2 “Ek wil my tyd vat hierdie keer
ek moet my tyd vat hierdie keer” (Versreël 1 en 2)

- a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Uit hierdie reëls kan ons aflei dat die spreker meer
(verwaand/volwasse) word.

(1)

- b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.1.2 a).

(1)

- 7.1.3 “Ek sien die blou in jou deur die bietjie in jou oë.” (Versreël 9)

- a) Onderskei tussen die letterlike en figuurlike betekenis van die woord “blou”.

(2)

- b) Waarom sien die spreker net 'n “bietjie”?

(1)

- c) Benoem die halfrym in die reël.

(1)

- 7.1.4 Hoe weet ons dat die spreker die geliefde aanvaar net soos hy/sy is?

(1)

- 7.1.5 Kies die KORREKTE sinsdeel om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.1.5) neer.

Die ongewone titel “Rondom my” is effektief, want ...

- A dit wys dat die spreker ernstig is.

- B dit wys vir ons hoe naby die spreker die geliefde wil hê.

- C ons besef dat die spreker sy/haar hele lewe met iemand wil deel.

- D ons weet dat die spreker geen deel van sy/haar lewe wil wegsteek nie.

(1)

- 7.1.6 Lees weer strofe 3.

- a) Haal DRIE opeenvolgende woorde aan wat bewys dat die spreker nie druk op die geliefde wil sit nie.

(1)

- b) Hoe weet ons dat die spreker vir 'n antwoord wag?

(1)



- 7.1.7 Verduidelik die progressie in die gedig. (2)
- 7.1.8 Is die gedig van toepassing op jongmense se lewens?
Motiveer jou antwoord. (1)
- 7.1.9 Dink jy dit is effektief om vir iemand 'n lied te skryf? Motiveer jou antwoord. (1)

EN

7.2 Haar uitvaart – P.J. Philander

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS N

HAAR UITVAART

- 1 Al oor my dak het hul gemaal ...
- 2 dié voëltjies het vir haar kom haal.
- 3 Half-toegevoue vuisies klein
- 4 het ylins na die doodsgordyn
- 5 gegryp en dan weer moeg verslap ...
- 6 die sweet het langs haar slapies afgetap.
- 7 Haar ogies sien ek duidelik nog,
- 8 hul het vir my gesmeek om tog
- 9 te help ... die pyn te stil,
- 10 maar ek was magteloos teen Sy wil,
- 11 en halfweg na die hospitaal
- 12 het, asemloos, die dood ons ingehaal.

[Bron: Verskuns vir Eerste Addisionele Taal Graad 12: Macmillan South Africa, 2015]



- 7.2.1 a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
Die titel is 'n voorbeeld van 'n (hiperbool/eufemisme). (1)
- b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.2.1 a). (1)
- 7.2.2 Haal TWEE opeenvolgende woorde uit strofe 1 aan wat bewys dat die dogtertjie by haar huis siek geword het. (1)
- 7.2.3 “dié voëltjies het vir haar kom haal.” (Versreël 2)
- a) Waarna verwys die voëltjies? (1)
- b) Waarom word die verkleiningsvorm so baie in die gedig gebruik? (1)
- 7.2.4 Die ellips (versreëls 1 en 5) dui op die pa se gedagtes wat nie voltooi is nie.
Waarom is die stelling ONWAAR? (1)
- 7.2.5 Lees strofe 2 en 3.
- a) Wat is die geïmpliseerde betekenis van “ylings na die doodsgordyn” in versreël 4? (1)
- b) Verduidelik die rol van die enjambement in strofe 2 en 3. (1)
- c) Wat is die belangrikheid van die punt aan die einde van strofe 3? (1)
- 7.2.6 Hoe verskil strofe 1 tot 3 van strofe 4 tot 6? (2)
- 7.2.7 Die gedig bestaan uit strofes wat twee versreëls het.
- a) Wat noem ons 'n strofe wat uit twee versreëls bestaan? (1)
- b) Benoem die rymskema in die gedig. (1)



- 7.2.8 Kies die versreël uit **KOLOM B** wat by die letterkundige aspek in **KOLOM A** pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (7.2.8 a) tot 7.2.8 d)) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
a)	Wending	A	“het asemloos, die dood ons ingehaal.” (Versreël 12)
b)	Personifikasie	B	“maar ek was magteloos teen Sy wil,” (Versreël 10)
c)	Inversie	C	“en <u>h</u> alfweg na die <u>h</u> ospitaal” (Versreël 11)
d)	Alliterasie	D	“Half-toegevoue vuisies klein” (Versreël 3)
		E	“die sweet het langs haar slapies afgetap.” (Versreël 6)

(4x1) (4)

TOTAAL VRAAG 7: [35]

TOTAAL AFDELING D: [35]

GROOTTOTAAL: [70]